DEEL 118 | WEEK 27 | 3 JULIE 2026 | R5
HEILBRON HERALD
IF IT'S NOT THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# Geslote deure, leë strate - Heilbron wag verniet

Waar daar Dinsdag groot afwagting was vir die landwye March to March-aksie, was Heilbron se strate ongewoon stil. Talle winkels en besighede het hul deure gesluit uit vrees vir moontlike onrus, maar die dag het sonder enige protesoptog of geweld verloop.

Die enigste sigbare aktiwiteit was 'n klein groepie van die Greater Heilbron Residents Organisation, onder leiding van Elias Makhetha, wat oorkant Tony's by die NG Kerk Moedergemeente bymekaargekom het. Volgens Elias was hul doel nie om onrus te veroorsaak nie, maar om saam met die SAPD en die Ngwathe Munisipaliteit na die dokumentasie van besigheidseienaars te kyk.

Die Heilbron SAPD het egter beklemtoon dat daar streng prosedures gevolg moet word wanneer immigrasie- en werksdokumente nagegaan word. Volgens stasiekommissaris John Mokhethi mag siviele persone nie self besighede binnegaan en dokumentasie van werkgewers of werknemers eis nie. Slegs bevoegde staatsinstansies, soos die SAPD en die Departement van Binnelandse Sake, mag sodanige inspeksies uitvoer.

"Daar is 'n proses wat gevolg moet word. Soos met die vorige inspeksie moet die SAPD, Binnelandse Sake en die munisipaliteit saam optree."

Volgens verskeie inwoners het die groot aantal geslote besighede daarop gedui dat handelaars eerder geen kans wou waag nie. Daar word beweer dat baie hul deure uit vrees gesluit het, ongeag of hul dokumentasie in orde was.

Mokhethi het bevestig dat agt buitelandse burgers onlangs in Heilbron in hegtenis geneem is nadat hulle na bewering onwettig in die dorp gewerk het. Die groep bestaan uit vyf Malawiërs en drie Ethiopiërs. Hulle bly in aanhouding en sal in die hof verskyn, waarna die regsproses vir moontlike deportasie sal volg.

Hoewel die March to March-oproep landwyd groot belangstelling en spanning ontlok het, het Heilbron Dinsdag sonder enige voorvalle van geweld of protes afgesluit. Wat as 'n dag van onsekerheid begin het, het geëindig met stil strate, geslote winkeldeure en 'n sigbare polisieteenwoordigheid – 'n herinnering dat vrees soms 'n groter impak op 'n gemeenskap kan hê as die gebeurtenis waarvoor daar gevrees is.










# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

## Substansmisbruik: 'n Stil epidemie wat ons gemeenskap raak



### *Week 1: Verstaan die werklikheid van verslawing*

*• Elmarie Els-Hammann*

Substansmisbruik is nie meer 'n probleem wat net in groot stede voorkom nie. Dit raak dorpe, woonbuurte en landelike gebiede regoor Suid-Afrika. Geen gesin, skool of gemeenskap is heeltemal immuun teen die gevolge daarvan nie. Al hoe meer kinders, jongmense en volwassenes word blootgestel aan dwelms wat maklik bekombaar is en dikwels as "onskadelik" of "net vir die pret" bemark word. Die werklikheid is egter dat substansmisbruik verreikende gevolge het. Dit beïnvloed nie net die persoon wat die dwelms gebruik nie, maar ook ouers, kinders, broers en susters, werkgewers, skole en die hele gemeenskap.

**Wat is substansmisbruik?**

Substansmisbruik verwys na die gebruik van alkohol, medisyne of onwettige dwelms op 'n wyse wat skade aan 'n persoon se gesondheid, verhoudings, werk of skoolprestasie veroorsaak. Wanneer iemand aanhou gebruik ten spyte van die negatiewe gevolge, kan dit ontwikkel tot 'n substansgebruiksversteuring of verslawing.

Verslawing is nie bloot 'n gebrek aan wilskrag nie. Dit is 'n chroniese breinsiekte wat die manier waarop die brein beloning, motivering, emosies en besluitneming beheer, verander. Met verloop van tyd begin die brein die middel "nodig hê" om normaal te funksioneer. Dit maak dit baie moeilik om sonder professionele ondersteuning op te hou.

**Die omvang van die probleem**

Volgens die Suid-Afrikaanse regering misbruik ongeveer een uit elke vyf Suid-Afrikaanse volwassenes een of ander gemoedsveranderende middel. Alkohol bly die mees gebruikte middel, maar die gebruik van onwettige dwelms soos dagga, Tik, CAT, heroïen en Nyaope neem steeds toe. Suid-Afrika het ook een van die grootste markte vir metamfetamien (Tik) in die wêreld. Hierdie tendense plaas groot druk op gesondheidsdienste, die strafregstelsel en maatskaplike dienste.

**Substansmisbruik hou verband met:**

Gesinsgeweld; geweldsmisdaad; padongelukke; werkloosheid; skooluitval; kinderverwaarlosing; geestesgesondheidsprobleme; en armoede wat van een geslag na die volgende oorgedra word.

**Waarom begin mense dwelms gebruik?**

Daar is nie een enkele rede waarom iemand dwelms begin gebruik nie. Gewoonlik is dit 'n kombinasie van faktore.

**Groepsdruk**

Veral tieners en jong volwassenes wil dikwels aanvaar word. Indien vriende dwelms gebruik, voel sommige dat hulle moet saamdoen om in te pas.

**Trauma en stres**

Mense wat mishandeling, verlies, geweld of ander traumatiese ervarings beleef het, probeer soms emosionele pyn verdoof deur dwelms te gebruik.

**Werkloosheid en hopeloosheid**

Werkloosheid, finansiële druk en beperkte geleenthede kan gevoelens van moedeloosheid veroorsaak. Sommige mense gebruik dwelms as 'n tydelike ontsnapping van hul probleme.

**Geestesgesondheid**

Depressie, angsversteurings en ander geestesgesondheidstoestande verhoog die risiko vir substansmisbruik. Dwelms laat die persoon soms aanvanklik beter voel, maar vererger uiteindelik die onderliggende probleem.

**Nuuskierigheid**

Baie verslaafdes vertel dat hulle aanvanklik geglo het hulle sal dit "net een keer" probeer. Ongelukkig is sommige middels só verslawend dat gereelde gebruik vinnig ontwikkel.

**Hoe verander verslawing die brein?**

Wanneer iemand dwelms gebruik, word groot hoeveelhede dopamien – die brein se "beloningsstof" – vrygestel. Dit veroorsaak 'n intense gevoel van plesier of euforie.

Met herhaalde gebruik pas die brein aan. Die natuurlike produksie van dopamien neem af, en die persoon ervaar minder vreugde uit gewone dinge soos familie, sport, musiek of stokperdjies. Die gevolg is dat die persoon al hoe meer van die dwelm nodig het om dieselfde effek te kry. Hierdie proses staan bekend as toleransie.

**Wanneer die middel nie beskikbaar is nie, ervaar die persoon onttrekkingsimptome soos:**

Angs; rusteloosheid; slapeloosheid; naarheid; bewing; intense drange na die middel. Hierdie simptome maak dit baie moeilik om sonder hulp op te hou.

**Wie loop die grootste risiko?**

**Hoewel enige persoon verslaaf kan raak, is sekere groepe meer kwesbaar:**

Kinders en tieners; mense met 'n familiegeskiedenis van verslawing; persone wat trauma ervaar het; mense met onbehandelde geestesgesondheidsprobleme; persone wat in omgewings woon waar dwelms maklik beskikbaar is.

Navorsing toon dat die tienerbrein nog tot ongeveer 25-jarige ouderdom ontwikkel. Dwelmgebruik gedurende hierdie tydperk kan leervermoë, geheue, impulsbeheer en emosionele ontwikkeling benadeel.

**Tekens waarna ouers moet oplet**

Geen enkele teken bewys noodwendig dat iemand dwelms gebruik nie, maar verskeie tekens saam behoort ouers en versorgers waaksaam te maak.

**Let op vir:**

Skielike veranderinge in vriendekringe;
swak skool- of werkprestasie;
gereelde leuens of geheimhouding;
aggressiewe of ongewone gedrag;
rooi of glaserige oë;
voortdurende moegheid of hiperaktiwiteit;
gewigsverlies;
geld of waardevolle items wat verdwyn;
verlies aan belangstelling in vorige stokperdjies;
onverklaarbare buiwisselings.

**Die impak op die gesin**

Verslawing raak nooit net een persoon nie. Gesinne ervaar dikwels voortdurende spanning, konflik, finansiële probleme en emosionele uitputting. Kinders wat saam met 'n verslaafde ouer grootword, loop 'n groter risiko vir angs, depressie, swak akademiese prestasie en toekomstige substansmisbruik. Baie gesinne probeer die probleem wegsteek uit skaamte. Hierdie geheimhouding veroorsaak dikwels dat mense eers hulp soek wanneer die situasie reeds ernstig is.

**Die impak op die gemeenskap**

Substansmisbruik raak die hele gemeenskap.

**Dit dra by tot:**

Huisbrake en diefstal; geweldsmisdaad; bendebedrywighede; gesinsgeweld; padongelukke; druk op hospitale, polisiedienste en maatskaplike dienste.

Elke inwoner betaal uiteindelik die prys deur hoër misdaad, groter onsekerheid en toenemende sosiale probleme.

**Het jy geweet?**

Jong mense wat vroeg met dwelms begin eksperimenteer, het 'n groter risiko om later ernstige verslawing te ontwikkel.

Baie onwettige dwelms word met onbekende chemikalieë gemeng, wat die risiko van vergiftiging en oordosering verhoog.

Verslawing is behandelbaar. Duisende Suid-Afrikaners herstel elke jaar met die regte behandeling en ondersteuning.

**Wat kan jy doen?**

**As ouer of versorger:**

Bou 'n vertrouensverhouding met jou kinders.
Praat gereeld oor die gevare van dwelms.
Wees betrokke by hul skool- en sosiale lewe.
Let op na veranderinge in gedrag.
Soek vroeg professionele hulp indien jy vermoed iemand gebruik dwelms.

**As lid van die gemeenskap:**

Ondersteun bewusmakingsprogramme.
Meld dwelmhandel by die polisie aan.
Moenie mense met verslawing stigmatiseer nie – moedig hulle aan om behandeling te ontvang.
Ondersteun plaaslike organisasies wat met voorkoming en rehabilitasie werk.

**Volgende week...**

*In Week 2 kyk ons in diepte na Dagga en CAT – twee middels wat dikwels as "minder gevaarlik" beskou word, maar wat ernstige gevolge vir die brein, geestesgesondheid en toekoms van jongmense kan hê.*

*Ons bespreek hoe hierdie dwelms werk, waarom hulle so gewild geword het en hoe ouers die waarskuwingstekens vroeg kan herken.*




Ek kan nie baie kleintydvakansies onthou nie. Daar is wel die uitsonderings. Op ’n mooi dag, kan ek onthou, het ons met die blou Peugeot en die groen Jurgenskaravaantjie na Rob Ferreira Vakansieoord toe gegaan. Ons het so 10 kilometer vanaf die plaas ’n pap wiel gehad, en ons moes die hele kattebak uitpak om die spaarwiel uit te kry. Ek dink nie ons kon alles weer in die kattebak terugkry nie.

Daar was ook die een keer toe ons Aliwal-Noord se vakansieoord toe gegaan het. Ek dink dit was teen die tweede dag toe die polisie vir ons kom sê dat ’n ouma of ’n oupa siek was, en ons moes weer teruggaan.

Op ’n mooi dag was daar nuwe trekkers wat op Nampo se gronde getoets moes word. Dit moet seker so vyf en dertig jaar gelede gewees het. My ouers en die Pretoriusse het opgeruk Nampo toe en die manne het die trekker getoets. Agterna moes hulle ’n vraelysie invul. En daar was pryse op die spel.

Die twee manne, my gryse ou pa en oupa Kiewiet (soos ons die Pretoriusoom genoem het), het dit toe ook so gedoen. Hulle het van die inskrywing vergeet. Later die aand is daar gelukstrekkings gehou. Die eerste naam wat hulle trek was nie die aand teenwoordig nie. Met die tweede trekking roep hulle my gryse ou pa se naam uit.

Die prys? Twee weke in Mauritius. My gryse ou pa sê toe dat hy nie kan gaan nie, want dit is planttyd. Die borg betaal die geld uit en ek, gryse ou pa en gryse ou ma en my rooikopsussie gaan toe vir amper twee weke Kaap toe. Eers by George verby om vir oom Sampie te groet, daarna het ons in Stand se hotel geslaap en nog ’n aand in Vredendal, as ek reg onthou.

By albei van hierdie hotelle kon ons ’n lekker *brêkvis* bestel. Wat ek toe gedoen het. “Ek will Rice Crispies hê, asseblief.” My gryse ou ma was nie baie ingenome daarmee nie, want “hier moet jy bestel wat jy nie by die huis kry nie.” Maar ek het! Die enigste rede waarom daar in die Swanepoels se huis Rice Crispies was, was om Rice Crispie Treats mee te maak. So taai met malvalekkers in. Hoe water my mond nou.

Maar daar is mos ’n lekkerte aan ’n vakansie wat net glad nie ophou nie.

Ons vakansies kom meld hulle die meeste van die tyd op kort kennisgewing aan. Ek verstaan iedergeval nie hoekom mense elke keer op dieselfde datum na dieselfde plek moet gaan nie.

Hierdie jaar is ons Plettenbergbaai toe. Ek kan onthou dat ek in Plettenbergbaai was toe my pa die prys gewen het. Ek het agter die hotel pampoentjieskulpies opgetel.

My goeie man laat weet my boetie en sy vrou, wat in Jeffreysbaai bly: kom hulle vir ’n week saam met ons kuier? Letterlik drie dae voordat die vakansie aanbreek.

Net na Uniondale laat die tannie van Google Maps, wat ek gedink het bekend is met die omgewing, ons by ’n grondpad afdraai. Vir die eerste 10 km is my refrein: “Jy moet omdraai, hierdie is nie regte pad nie.” Ek sê dit aanmekaar, en my goeie man ignoreer my. (Ek prewel dit nog in my slaap.)

Dit was op sy tyd ’n baie mooi roete, maar neem in ag dat dit onlangs katte en honde en ander lewende hawe gereën het. Die wêreld het verspoel. Die pad ook. Presies daardie een waaroor my prewelary gaan.

Ek sien op Google Maps dat die pad net 24 kilometer lank is. Nadat ek 10 kilometers lank gekerm het oor die pad en dat ons moet omdraai, besluit ek om die volgende 14 kilometer te bid. Ek hou die telefoon dop: nog net 13 km. Dan 12 km. Hier is ons nou op 6 km. En toe gaan die sein weg. Heeltemal weg.

Dis nie al wat weg is nie: die pad is ook weg. Wel, nie heeltemal nie, maar groot dele daarvan. Dit is weggekalwe langs die kant. Op sekere stukke is daar net plek vir een middelslag bakkie. En ons ry ’n middelslag kar.

Ons moes al omgedraai het.

Ons ry en ry. My passasierskant bly aan die kant van die afgrond, my goeie man, teen hierdie tyd reeds gekwalifiseer vir die Dakar wedren, styf teen die berg se kant.

Ek het my handsak op my skoot en ek laat my so half aan my ouma Swanepoel dink. Wanneer sy reg was om dorp toe te ry, het sy altyd met haar handsak op haar skoot gewag. Hierdie keer wag ek nie, ek bid.

Ons gaan deur ’n poel water waaruit daar diep vore gery is. “Laat ek net my lyne regkry om nie vas te sit nie,” hoor ek vir Giniël de Villiers langs my praat, maar ek durf nie my oë van die pad af haal nie. Orals is daar afgronde en bome en modderpoele, maar daar is nie orals pad nie. Ek vermoed dat ek iewers begin huil het van *banggeit*.

Van omdraai is daar nou glad nie meer sprake nie.

Omtrent 90 minute daarna kom ons in Plettenbergbaai aan. My bene is skoon moeg gebriek teen die vloer van die kar. Vingers potblou soos wat ek aan die deur vasgeklou het. Dis lekker, maar dis klaar, dink ek.

Ek skryf nie hierdie om te spog oor my goeie bestuurder nie. Dalk eerder omdat ek dit oorleef het. Ek kan onthou dat ek iewers op hierdie nagmerrierit aan ’n universele waarheid gedink het: Die enigste manier is om vorentoe te gaan.

Dis wat ek hierdie week weer geleer het. As jy nie betyds kan omdraai nie, gaan net vorentoe. Daar sal uitkoms wees.

Maar *wragtag*, ek gaan my nie weer vir so ’n slappe laat vang nie.

# PitStop vir Jesus raak weer harte in Heilbron

PitStop vir Jesus het op 27 Junie weer 'n inspirerende byeenkoms in Heilbron aangebied, waar Marié Bosman as gasspreker opgetree het. Sy het 'n kragtige boodskap gedeel oor die tema "Wie God sê ek is", wat baie van die aanwesiges diep aangeraak en bemoedig het.

Benewens die geestelike verryking, is gaste ook bederf met 'n heerlike ete en nagereg, wat deel vorm van elke PitStop vir Jesus-geleentheid.

PitStop vir Jesus is 'n nie-winsgewende organisasie wat ongeveer elke vier tot ses weke 'n byeenkoms in Heilbron aanbied. Die doel is om die Evangelie van Jesus Christus te verkondig deur verskillende gassprekers, terwyl 'n gratis ete aan alle besoekers voorsien word. Alhoewel toegang gratis is, word vooraf besprekings versoek om voorsiening vir die etes te kan maak. Die volgende PitStop vir Jesus vind op 25 Julie plaas, met Sonja en Corrie van Showers of Blessings as gassprekers. Dit beloof om nóg 'n inspirerende geleentheid te wees wat beslis nie misgeloop moet word nie. Dagboek ook dié datum: PitStop vir Jesus hou sy eerste basaar op 3 Oktober 2026.



*Op die foto vl: Tanya Botha, Alet en Keith Petzer.*





*Marié Bosman*
*Foto links onder: Koot en Marié Bosman.*

# Sop, Sjerrie en liegstories - 'n Huppel Trippel-Tradisie

Die Huppel Trippelaars het op 30 Junie weer hul mid-winter Sop en Sjerrie-program, wat nou al 'n insteling geword het, gehad. Soos ons weet, is alle liegstories "die reine waarheid". Daar is heerlik gelag vir die spekskieters se "ware" stories. Hierná is almal getrakteer op 'n glasie sjerrie en heerlike sop en broodjies. Oor twee weke, op 14 Julie, bestaan die program uit heerlike 'grootword-liedjies' in die vorm van 'n SING-A-LONG-geleentheid. Martie Olivier sal oudergewoonte weer die begeleier wees. Kom sing gerus saam.



*Op die foto Helgard Claasen.*



*Magdaleen J van Rensburg.*


SENIOR GEOLOGIST

Qualified Geologist required for an underground mining operation in Barberton.

Requirements:
- Degree in Geology
- Minimum 5 years of underground mining experience in Greenstone deposits
- Experience with steep mining methods
- Proficient in Datamine, MineSync, Romine and MicroStation
- Strong analytical, reporting, administrative and communication skills
- Ability to work independently and within a team

Key Responsibilities:
Provide geological and technical support, oversee grade control and sampling compliance, manage geological databases, conduct mine grade analysis, compile production and cost reports, and support mining optimisation projects.

Send your CV to:
Dean@tarsistepgroup.co.za

TARSISTEP group



L&T BOERDERY Since 1999

Leonard Strydom: ltboerdery@yahoo.com

Heilbron, Vrystaat

Vakature vir Logistieke Koördineerder

Ons is op soek na 'n energieke, georganiseerde en verantwoordelike Logistieke Koördineerder om by ons span aan te sluit. Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelik wees vir die daaglikse koördinering van drywers se roetes, insluitend gereelde kommunikasie met drywers, die deurgee van roetes en instruksies, en om te verseker dat vragte betyds by die korrekte laai- en aflaaipunte is.

Pligte en Verantwoordelikhede
- Daaglikse kommunikasie met drywers oor hul roetes en opdragte.
- Koördinering van laai- en aflaaitye om te verseker dat vragte betyds afgelewer word.
- Monitering van voertuie en drywers se bewegings.
- Bevestiging dat drywers by die korrekte laai- en aflaaipunte aankom.
- Oplos van logistieke probleme, vertragings en veranderinge in skedules.
- Deurgee van belangrike inligting en instruksies.
- Opvolg van vragstatusse en terugvoering aan kliënte.
- Hou rekord van vragte, aflewerings en enige insidente onderweg.
- Handhawing van goeie verhoudings met drywers, kliënte en laai-/aflaaipunte.
- Verseker dat drywers aan maatskappybeleide en veiligheidsvereistes voldoen.
- Hanteer noodsituasies en maak alternatiewe reëlings indien nodig.
- Algemene administratiewe take wat met die vervoerafdeling verband hou.

Vereiste ervaring en Kwalifikasies
- Graad 12 (Matriek) - verpligtend.
- Minimum van 2 jaar ondervinding in logistiek, vervoerkoördinering of 'n soortgelyke rol.
- Goeie rekenaarvaardighede, veral in Microsoft Excel, Outlook en ander administratiewe stelsels.
- Uitstekende kommunikasie- en interpersoonlike vaardighede.
- Sterk organisatoriese en probleemoplossingsvermoë.
- Moet 'n spanspeler wees.
- Bereidheid om lang en onreëlmatige werksure te werk, insluitend na-ure en naweke.
- Moet onder hoë druk en in 'n stresvolle omgewing kan werk en steeds doeltreffend funksioneer.

Salaris:
Markverwant/Afhangende van ervaring/ 13de tjek

Aansoeke sluit - 10 Julie 2026

Stuur asseblief CV's aan leonard@ltboerdery.co.za





# Een dood, vyf beserings in ernstige drie-voertuig botsing naby Heilbron



'n Tragiese botsing op die R57 tussen Heilbron en Petrus Steyn het in die vroeë oggendure van Sondag, 28 Junie 2026, die lewe van een persoon geëis en vyf ander beseer.

Die ongeluk, waarby twee ligte motorvoertuie en 'n swaar motorvoertuig betrokke was, het ongeveer 10 kilometer buite Heilbron in die rigting van Petrus Steyn omstreeks 01:00 plaasgevind.

Nooddienste het bevestig dat een persoon op die toneel dood verklaar is. Van die vyf beseerdes het een kritieke beserings opgedoen, twee het matige beserings en twee het ligte beserings opgedoen.

Al die beseerdes is op die toneel behandel voordat hulle na Tokollo Hospitaal in Heilbron vervoer is vir verdere mediese sorg.




# Bhekilanga Primary Crowned Champions at Inaugural YEKU MONA Invitational Schools Challenge

Bhekilanga Primary School has been crowned the champions of the inaugural YEKU MONA Invitational Schools Challenge (YMISC 2026), a tournament aimed at promoting sportsmanship, teamwork and excellence among young learners.

Powered by the Yeku Mona Foundation, the competition brought together schools to compete in a spirit of unity and healthy competition. Throughout the tournament, learners displayed determination, discipline and outstanding talent, making the event a memorable success.

Bhekilanga Primary emerged as deserving champions after impressive performances, securing their place in the history books as the first winners of the annual competition.



The organisers congratulated all participating schools for their commitment and sportsmanship, while extending special congratulations to Bhekilanga Primary School on their outstanding achievement. The success of the inaugural event has set a strong foundation for what promises to become a highlight on the local schools' sporting calendar.

Ngwathe

**NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY DETERMINATION OF FEES, CHARGES AND TARIFFS**

**FOR THE FINANCIAL PERIOD 2026/2027**

Notice is hereby given that, in terms of Sections 2, 7, 8 and 14 of the Local Government: Municipal Property Rates Act 6 of 2004 ("the Act") and as amended, read with Sections 4(1)(c)(i) & (ii) and 11(3)(i) of the Local Government: Municipal Systems Act 32 of 2000 ("the Systems Act") and Section 24(2)(c)(i) of the Local Government: Municipal Financial Management Act 56 of 2003 ("the MFMA"), the Council of the **Ngwathe Local Municipality** during the Council sitting of the 27 May 2026, resolved to consider the following fees, tariffs and charges for implementation with effect from 1 July 2026 to 30 June 2027. All tariffs include 15% VAT except where indicated.

**The following percentage increase was considered and approved:**

a) Water Supply 3.7%
b) Electricity 11% (pending actual NERSA Approval)
c) Sewerage 3.7%
d) Refuse 3.7%
e) Rates and Taxes Revised tariffs in line with new GVR **(With rebates of 10% residential, 5% on business, 5% on Industrial and 40% on PBO)**
f) Cemeteries 3.7%
g) Hall 3.7%
h) All Other Sundries 3.7%

**NB: 50kWh of electricity and 6kl of water will be provided only to approved registered indigent households.**

**Indigent Policy**

- Category A – R 6 000.00 of the total gross income per month of all occupants over 18 years: (Full subsidized services on the municipal account) to accommodate two state pensioners.
- Category B – R 6 000.00 of the total gross income per month of all occupants over 18 years (will receive a rebate of R 200.00 per month if the market value of the household property is and above R1, 5million).

The Council of the Ngwathe Local Municipality hereby declares its intention that the following rates in the Rand are to be levied for the financial year 1 July 2026 to 30 June 2027, on the market value of property or on the market value of a right in land within the area of jurisdiction of the Council as appearing in the valuation roll, in respect of the various categories of properties set out below:

| CATEGORY | RATES | TARIFF CODES | EXEMPTIONS, REDUCTIONS & REBATES |
|---|---|---|---|
| Residential<br>Golf Island Towns | 0.0142 | VA001<br>VA001 | A total rebate of R30 000 will be granted on the value of the property (R15 000 impermissible according to the Municipal Property Act plus a further R15 000 according to the municipality's Property Rates Policy) |
| Business and Commercial | 0.0260 | VA002 | A maximum of reduction in line with Property Rates Policy will be granted |
| Industrial | 0.0158 | VA011 | A maximum of reduction in line with Property Rates Policy will be granted<br>(5% reduction) |
| Mining | 0.0247 | VA009 | No rebates |
| Agriculture | 0.0035 | VA003 | 25% of the residential tariff. Any rebates will be granted in line with the Property Rates Policy |
| Properties owned by an Organ of the State and used for Public Service Purpose | 0.0260 | VA008 | No rebates |
| Public Service Infrastructure | 0.0035 | VA010 | Any rebates will be granted in line with amended Rates Act of |
| Properties owned by Public Benefit Organization and used for Specified Public Benefit Activities | 0.0156 | VA006 | Any rebates will be granted in line with amended Rates Act of 2014 |
| Vacant Stand | 0.0207 | VA000 | A total rebate of R30 000 will be granted on the value of the property (R15 000 impermissible according to the Municipal Property Act plus a further R15 000 according to the municipality's Property Rates Policy) |
| Municipal | 0.0001 | VA005 | Exempted/Zero rated |
| Place of Worship | 0.0001 | VA015 | Exempted/Zero rated |

**EXEMPTIONS, REDUCTIONS ANF REBATES:**

Exemptions, Reductions and Rebates will be granted to the different categories of properties and owners as follows:

**Different Categories of Properties**

**Residential Properties**

All residential properties with a market value of less than the amount as annually determined by the municipality are exempted from paying rates. For 2026/2027 financial year the maximum reduction is determined as R30 000.00.

The impermissible rates of R 15 000.00 contemplated in terms of section 17(1) (h) of Property Rates Act is included in the amount referred to above as annually determined by the municipality.

The remaining R 15 000.00 is an important part of the Council's Property Rates policy and is aimed primarily at alleviating poverty.

**Indigent Owners**

Owners who qualify and who are registered an indigent will receive indigent subsidy in term of the Indigent Policy.

**Child Headed Families**

Families headed by children with monthly income not exceeding R 6 000.00 will receive a 100% rebate of municipal services.

**Retired and Disabled Persons Rate Rebates**

Retired and disabled Persons, not registered as indigents, qualify for special rebates according to monthly household income as follows;

- R 0.00 to R 6 000.00 per month - 100 % rebate
- R 6 001.00 to R 6 250.00 per month - 60 % rebate
- R 6 251.00 to R 9 650.00 per month - 30 % rebate
- R 9 651.00 to R 10 270.00 per month - 15 % rebate

**The pensioners residing at area where there are special negotiated tariffs with Council or tariff prescribed by law do not qualify for indigent and pensioner's rebate.**

**Business and Industrial Properties**

The municipality will grant rebates to rateables enterprises that promote local, social and economic development in its are of jurisdiction Maximum rebate for the 202/2027 financial year, has been determined at 5 % for Businesses and 5% for Industrial.

**Public Benefit Organizations (PBO'S)**

Taking into account the effects of rates on PBOs performing a specific public benefit activity and if registered in terms of the Income Tax Act, 1962 (No 58 of 1962) for tac reduction because of those activities, Public Benefit Organizations may apply for the exemption or reduction of property rates to up to **40%**. Application should be submitted by the end of August 2026 on a prescribed form.

**Public Service Infrastructure and Agricultural Property Rebates**

The municipality will apply the standard ratio for agricultural properties as promulgated by the Minister **1:0.25 (75% rebate for residential properties).**

Public / Residents / Businesses / NGO's / Rates Payers are also informed the budget documents and tariff list are available for inspection during office hours at the municipal offices as well as on the municipal website at www.ngwathe.fs.gov.za. Further clarity regarding these documents can be submitted to the office of the Chief Financial Officer by no later than 12h00 on Monday 30th June 2026.

Dr F.P Mothamaha

# KENNISGEWINGS

*Form J187*

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In terms of section 35 (5) of the Administration of Estates Act, No. 66 of 1965, notice is hereby given that copies of the liquidation and distribution accounts (first and final, unless otherwise stated) in the estates specified below will be open for the inspection of all persons with an interest therein for a period of 21 days (or shorter or longer if specially stated) from the date specified or from the date of publication hereof, whichever may be the later, and at the offices of the Masters of the High Court and Magistrates as stated. Should no objection thereto be lodged with the Masters concerned during the specified period, the executors will proceed to make payments in accordance with the accounts.

**Language:** English
**Province:** Free State
**Estate Number:** 3609/2023
**Surname:** Sadler
**First Names:** Izak
**ID Number:** 491120 5097 086
**Last Address:** Plot 111, Weltevrede, District Koppies, Free State
**First Names of Surviving Spouse:** Petronella Sadler
**Surname of Surviving Spouse:** N/A
**ID Number of Surviving Spouse:** 650607 0198 080
**Description of Account:** First and Final
**Period of Inspection:** 21 Days
**Magistrate's Office:** Koppies
**Master's Office:** Bloemfontein
**Advertiser Name:** Cornelius & Partners Inc.
**Advertiser Address:** 40 Church Street, Heilbron, 9650
**Advertiser E-mail:** aktesb@corven.co.za
**Date Submitted:** 2026-06-29
**Tel:** 058 852 2035
**Publication in the Government Gazette on:** 2026-07-03

Form JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer **Number T26847/2005** passed by The Trustees for the time being of **HJW ERASMUS TRUST Registration Number IT1168/2002** in favour of **RAZORBILL PROPERTIES 140 PROPRIETARY LIMITED Registration Number 2000/023522/07** in respect of THE FARM STILLERUST NR 193 DISTRICT HEILBRON PROVINCE OF THE FREE STATE IN EXTENT 185,6009 (ONE HUNDRED AND EIGHTY FIVE COMMA SIX ZERO ZERO NINE) Hectares HELD BY **Deed of Transfer Number T26847/2005** which has been lost or destroyed.

All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds: Free State at Bloemfontein within two weeks from the date of publication of this notice.

Dated at Pretoria this 30th day of June 2026.

**Applicant: MacRobert Inc**
**Address: 1060 Jan Shoba Street**
**Brooklyn, Pretoria 0181**
**E-mail address: svdeventer@macrobert.co.za**
**Contact number: 012-425 3509**
**CONVEYANCER:**
**Jessica Charmaine Jansen van Rensburg**
**LPCM29920**

Neem asb kennis dat sperdatum vir Advertensies en Bydraes vir Vrydae se koerant Woensdae om 10:00 is.

STROOP VAN SOJAS



PAUL KEOGH
071 363 4129

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die Boedel van Wyle
**JOHANNES GERHARDUS MOSTERT**
Identiteitsnommer: 550625 5012 08 1, in lewe 'n Pensionaris woonagtig te 15, Leigh Street, Reitz, 9810,Getroud Binne Gemeenskap van Goedere met
**MARIA ELIZABTH MOSTERT,**
Identiteitsnommer: 570412 0097 08 6 .
**DATUM VAN AFSTERWE: 1 Desember 2024**
**BOEDELNOMMER: 001350/2025**
KENNIS GESKIED HIERMEE aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (DERTIG) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6, REITZ, 9810**

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die Boedel van Wyle
**MINKI LINAH TABETE**
Identiteitsnommer: 861112 0692 08 8, in lewe Werkloos woonagtig te Stand 3255, Petsana, Reitz, 9810, Ongetroud.
**DATUM VAN AFSTERWE: 7 Oktober 2025**
**BOEDELNOMMER: 000039/2026**
KENNIS GESKIED HIERMEE aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (DERTIG) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6, REITZ, 9810**

GROOTWILDJAGTERS!

HIER IS JOU KANS VAN 'N LEEFTYD OM 'N BUFFELBUL OF EEN VAN ONDERSTAANDE PRYSE TE WEN.

SLEGS R500

**7 PRYSE WAT GEWEN KAN WORD:**

- 1 x Buffelbul (2 Persone) - 2 x Nagte Selfsorg - African Frontier Safaris, Ellisras
- 1 x Blouwildebees, 1 x Rooibok, 1 x Vlakvark - (2 Persone), 2 Nagte Selfsorg - African Frontier Safaris, Ellisras
- 2 x Rooibokke (2 Persone) - 1 Nag Selfsorg - African Frontier Safaris, Heilbron
- 4 x Blesbokke (Dagjag) - AREA: Heilbron
- 3 x Blesbokke - (2 Persone) - 1 x Nag Selfsorg - AREA: Heilbron
- 3 x Blesbokke - (Dagjag) - AREA: Heilbron
- 3 x Blesbokke, 1 x Springbok - 2 Nagte (8 Persone) Selfsorg - AREA: Francolin Creek, Heilbron

PRYSE TER WAARDE VAN ± R250 000



Kaartjieverkope sluit 31 Julie 2026 en wenners word op 3 Augustus 2026 aangekondig. Van Rensburg Rekenmeesters monitor die trekking.

Alle jagte moet afgehandel word voor 30 September 2026.

NG KERK MOEDERGEMEENTE, HEILBRON • FONDSINSAMELINGSPROJEK
Navrae: • Annari 082 224 8741 • Kerkkantoor 058 852 1615

POSTNET HEILBRON

COLLECTION & DELIVERY
Between Heilbron And The Vaal Triangle
EVERY MONDAY, WEDNESDAY & FRIDAY
R150 per parcel
SASOLBURG
VEREENIGING
VANDERBIJLPARK



BETWEEN MEYERTON AND HEILBRON @ R200 PER PARCEL

heilbron@postnet.co.za | 058 853 0006 | 064 988 6078

FOR RENT

**SHOP TO LET**
Breë Street Heilbron
Contact: 082 420 7730

# BETREKKING

**GESOEK**
**BETROUBARE BESTUURDER**
Betroubare bestuurder met 5 jaar bestuursondervinding.
Voertuig word verskaf, moet beskikbaar wees op verskillende tye en dae soos benodig.
Vervoer is meestal na die Vaaldriehoek maar ook na JHB en PTA per geleentheid.
Stuur verwysings en kopie van geldige lisensie na simonmcoles00@gmail.com

# SMALLS

Vir enige nuus en advertensies vir die
**Heilbron Herald**
Kontak Hendie 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za
Elsstraat 44, Heilbron

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 66 • Heilbron*
Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
*Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.*

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder) WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za herald@heilbron.co.za (Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes)
• **Marlene** (Proeflees van koerant)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

HERALD Sport

# Jaarlikse Vierhoek-rolbalkompetisie lok talent







Die jaarlikse Vierhoek-rolbalkompetisie is die afgelope naweek oor twee dae aangebied, waartydens vier streke – Riemland, Goudveld, Valsrivier en Noordwes – teen mekaar meegeding het.

Die kompetisie bied jaarliks aan keurders die geleentheid om opkomende rolbaltalent raak te sien en spelers vir toekomstige verteenwoordigende spanne te evalueer.

Byna Heilbron se hele rolbalklub se spelers het aan die gesogte toernooi deelgeneem en hul streek met trots verteenwoordig. Die naweek is gekenmerk deur goeie sportmanskap, sterk mededinging en rolbal van hoë gehalte.

Die Vierhoek-rolbalkompetisie bly 'n belangrike hoogtepunt op die rolbalkalender en speel 'n waardevolle rol in die ontwikkeling van die sport en die ontdekking van nuwe talent.

# Redes waarom verkopers van eiendomsagente gebruik maak:

HEILBRON
EIENDOMME

**1. Markkennis en prysbepaling**
‘n Agent kan help om jou huis teen ‘n realistiese prys te lys. Hulle verstaan die plaaslike eiendomsmarkte om te kan verseker dat te hoë pryse nie kopers sal afskrik of te lae pryse jou as verkoper geld gaan kos nie.

**2. Bemarking van die eiendom**
Eiendomsagente het verskeie maniere om potensiële kopers te nader deur middel van eiendomswebwerwe, databasisstelsels en ander netwerke. Hierdie eiendomme word ook op verskeie platforms adverteer en versprei om sodoende die kopers te nader.

**3. Sifting van kopers**
Ernstige kopers kan onderskei word van nuuskierige kykers wat nie noodwendig ernstig dit oorweeg om die eiendomme te koop nie. Agente kan dus help met bevestig of ‘n koper finansieel sal kwalifiseer om die eiendom aan te kan koop.

**4. Onderhandeling**
Agente tree in as ‘n tussenganger om seker te maak die transaksie verloop seepglad en enige onderhandelinge vind plaas om die beste prys te kan verseker.

**5. Administrasie en wetlike vereistes**
Die verkoop van eiendomme behelps verskeie kontrakte, dokumentasie, wetlike vereistes en openbaarmakings, agente is dus daar om te verseker dat alles korrek ingevul en voltooi word sodat die proses vinniger verloop sonder oponthoud.

**6. Tydsbesparing**
Agente is ook daar om enige navrae, besigtigings, terugvoering en administratiewe werk namens jou as verkoper te doen.

Eiendomsagente bied kundigheid, blootstelling en gerief om die hele verkoopsproses so vinnig, maklik en sonder moeite te hanteer. Gebruik so jou agent om te verseker jou huis/gebou of perseel kry maksimum bloodstelling aan potensiële kopers.

**TENDERS FOR UNDERGRADE WHEY**
**Tenders are hereby requested for the sale of undergrade Whey, packed in 25kg bags, subject to the following conditions:**
1. The tender period will extend from 1 August 2026 to 31 July 2027
2. The tenders must be expressed in rand and cents per bag. No tender will be accepted if it does not specifically contain a rand and cent amount.
3. Product will be sold as undergrade Powder to the successful tenderer.
4. Product may not be used for human consumption. Clover reserves the right to summarily stop delivery if it is determined that the product is used for human consumption.
5. Product must be collected by the successful tenderer himself from Clover’s Heilbron factory.
6. Tenders close on 31 July 2026 at 16:00.
7. The highest tender or any tender will not necessarily be accepted.
8. The agreement that will be concluded with the successful tenderer is available for inspection at Clover Heilbron.
9. Tenders can be hand delivered in a sealed envelope marked “Tender Undergrade Powder” or emailed to paul.bester@clover.co.za
**The Manager**
**Clover**
Clover

**TENDERS FOR BURNST AND CLOTH UNDERGRADE WHEY**
**Tenders are hereby requested for the sale of Burnt and Cloth undergrade whey sweepings powder packed in 25kg bags, subject to the following conditions:**
1. The tender period will extend from 1 August 2026 to 31 July 2027
2. The tenders must be expressed in rand and cents per bag. No tender will be accepted if it does not specifically contain a rand and cent amount.
3. Product will be sold as undergrade Powder to the successful tenderer.
4. Product may not be used for human consumption. Clover reserves the right to summarily stop delivery if it is determined that the product is used for human consumption.
5. Product must be collected by the successful tenderer himself from Clover’s Heilbron factory.
6. Tenders close on 15 July 2026 at 16:00.
7. The highest tender or any tender will not necessarily be accepted.
8. The agreement that will be concluded with the successful tenderer is available for inspection at Clover Heilbron.
9. Tenders can be hand delivered in a sealed envelope marked “Tender Undergrade Powder” or emailed to paul.bester@clover.co.za
**The Manager**
**Clover**
Clover

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 6 JULIE 2026**
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

**DINSDAG - 7 JULIE 2026**
VREDE Maandelikse veiling
Kontak Jandré Moll 082 307 9169

HENDRINA: STEINBERG BEEFMASTERS PRODUKSIEVEILING
11:00, Mooiplaas
Kontak Rocco van Rooyen 082 799 2776

LADYSMITH KZN: SANDSPRUIT BEEFMASTERS | AMAKOSI BEEFMASTER & GERMART DROUGHTMASTERS
11:00, plaas Oakdale
Kontak Riaan Ferreira 082 372 9454

**WOENSDAG - 8 JULIE 2026**
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516

NEWCASTLE/NORMANDIEN Maandelikse veiling
Kontak Riaan Ferreira 082 567 2223

GROENVLEI Maandelikse veiling
Kontak Molie Mentz 083 229 2500

ERMELO: MP BRANGUS KLUB VEILING
11:00, Veilingskrale
Kontak Chris Bezuidenhout 079 065 1283

**DONDERDAG - 9 JULIE 2026**
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

JOZINI Maandelikse veiling
Kontak Trevor Ehrens 064 850 2930

**VRYDAG - 10 JULIE 2026**
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956




VIR DIE BEMARKING VAN
U VEE, KONTAK:
HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
ANITA ELS - GOTTENBURG/WEIVELD
073 220 3515
SKAKEL GERUS ENIGE
VAN ONS BEMARKERS
VIR U KRAAL BESPREKING